# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

Deel VII. 2 MEI, 1952. No. 3.


# INTERVARSITY IS WEER HIER!

## P.U. se kanse teen U.O.V.S.

### *Massa Pukke Ruk op na Bloemfontein*

**Intervarsity is weer hier!! Die Pukke glimlag reeds almal baie lekker omdat die Outjies sommer lank voor die Intervarsity begin het al 'n flop darvan gemaak het deur 'n onderwyser aan te gesien het vir 'n dirigent e n hom toe met groot moeite ontvoer het.**

**Dit wys dat U.O.V.S. se kanse al sommer van die begin af nul is om iets uit te rig met hierdie Intervarsity (soos trou ns ook die geval in die afgelope paar jaar al was). Die Pukke het lus vir die stryd en 'n ongekende entoesiasme heers oral waar jy kom. Nog nooit in die geskiedenis het soveel Pukke plan gemaak om in Bloemfontein te kom om met hulle eie oë te sien hoe die Outjies 'n kafferpak op die lyf loop nie.**

Die Pukke is vasberade om van hierdie Intervaristy 'n groot sukses te maak en alles wat hulle het in die stryd te gooi. **Bart de Wet**, die **Manshokkie-kaptein**, sê die volgende: „Met 'n Intervarsity voor die deur is 'n mens geneig om jouself so op te sweep dat jy naderhand heeltemal oortuig is van 'n mooi oorwinning; maar as ons hokkiespanne op die veld draf kan die Pukke verseker wees om iets moois te sien. Die spannetjie is jonk, maar nie met 'n hokkiestok nie! Ons besef dit sal 'n harde wedstryd wees. Daar is 'n neerlaag van verlede jaar wat gewreek moet word, en niemand besef dit beter as hierdie kêrels nie.

„U.O.V.S. beskik oor 'n sterk span met minstens twee bekende Vrystaatse spelers, maar die Puk se span, van die gesette doelwagter tot die ou heel kleinste middelvoortjie (en wat van die regter-skakel!), weet elkeen presies wat om te doen.

„Vir die toeskouers voorspel ons 'n baie mooi wedstryd en vir die Outjies . . . . of toemaar, hulle weet presies wat wag!

„Pukke, handhaaf die mooi gees en speel 'n bars."

Die Pukke se **Jukskeikaptein, Pottie**, het ook 'n woordjie op die hart:

„Die Puk se Jukskeispanne is vanjaar vasberade om hulle neerlaag van verlede jaar te wreek. Alhoewel ons nie meer oor die dienste van die twee Hasies beskik nie, is die span wat ons in die veld stoot, nogtans besonder sterk. Ook die tweede span behoort hulself goed van hulle taak te kwyt en ons is seker van die feit dat ons die Vrystaters vanjaar goed gaan laat les opsê.

„Die Jukskeiklub is met reg trots op die feit dat hulle die span is wat kan spog met die meeste Intervarsity-oorwinnings. Ons is nie van plan om hierdie kragmeting te verloor nie, en ons hoop dat die Outjies die pak wat op hulle wag, manmoedig sal dra."

Die vasberadenheid wat spreek uit die vorige twee boodskappe, tref ons ook aan by die **Tenniskaptein** van die mans, **Hennie Coetzee**, wat sê:

„Pukkies, Saterdag is dit weer Intervarsity teen die Outjies. Hierdie jaar kan ons julle verseker dat die „bôl-game" weer gespeel sal word soos min tevore. Ons Pukke is as't ware met die „bôl-game" gebore. Hoewel ons in Roelf Buys 'n baie goeie speler en kaptein verloor het, is ons nogtans vol moed en elke speler is oortuig daarvan dat ons wel die louere sal inoes. Ons het nog 'n speler van die ou garde in Smily van der Linde verloor, maar nogtans sal ons wel die Outjies wys waar Dawid die wortels gegrawe het. Ons wens julle alle sukses toe, Pukke. Hou die lyne styf en speel 'n bars! en onthou ons is klein, maar ‚getryn'."

Ongelukkig is die dames wat Puk op die tennisbane moet verteenwoordig, so bedrywig op sportgebied dat ons dit onmoontlik gevind het om vanjaar 'n span af te stuur na Bloemfontein. In dié sportsoorte waaraan ons dames egter wel gaan deelneem, is hulle vasbeslote om wel die louere in te oes.

Alhowel **Netbal** nie eintlik die spel van die Pukke is nie, het dit al gebeur dat ons in die verlede ander Universiteite op die gebiede kafgedraf het, en hierdie jaar is so 'n moontlikheid baie sterk. Ons span is op die oomblik nog besig om vorm te vind, maar almal is vasbeslote om U.O.V.S. op hulle tuisveld te gaan uitstof. **Tresia Snyman**, die kapteine, is glo vasbeslote om die doele te gaan inryg, en, hoewel sy nie baie te sê gehad het oor Puk se kanse nie, was sy baie beslis met haar woorde: „Ons gaan wen, Pukke!"

**Hokkie** was nog altyd 'n baie sterk sportsoort aan U.O.V.S., maar ons Puk-dames was nog nooit vir hulle bang nie. Ons dames is vanaf die voorlyn tot by die doelwagter vasgeslote om hulle beste te lewer. **Ina du Plessis**, die kapteine, se boodskap aan die Pukke is: „Dié keer sal 'n nat veld die Outjies nie weer red van 'n kafferpak nie."

**Jukskeispelers** onder die **Pukdames** is ook van plan om die penne te laat klap en hulle word glad nie afgeskrik deur die feit dat die U.O.V.S.-dames 'n oud-Springbok in hulle geledere het nie. Die kapteine van ons **Dames Jukskei, Lenie Meyer**, wens die Pukke sterkte toe en sê: „Slaan raak, Pukke."

Ons **Rugbyspanne** was natuurlik vir die afgelope drie jaar lank die doring in die vlees van die Outjies. Ons stuur vanjaar ses spanne oor en ons is seker daarvan dat ons aan die einde van die Intervarsity met ses rugby-oorwinnings sal kan spog. Ons groot sterkte lê natuurlik in ons eerste en O/19 spanne. Die O/19 het nog 'n hele paar van verlede jaar se staatmakers oor en hierdie spannetjie voorspel beslis moeilikheid vir die Vrystaters.

**Wat ons eerste span betref, kan ons nie genoeg oor die voortreflikhede van die agttal sê nie.. Dit is seker lank laas in die geskiedenis dat die Puk kon spog met so 'n stel voorspelers.. Drie van hulle het reeds hulle plekke in die Wes-Transvaalse span oopgespeel en nog 'n verdere drie kan ook enige oomblik instap. Nouja, dit is net mooi agt spykers in die Outjies se doodskis.**

Die ander sewe spykers is natuurlik ons agterlyn. Aan die begin van die seisoen het die meeste Pukke baie skepties gestaan teenoor die sterkte en slaankrag van ons driekwarte. Op die oomblik is daar egter nie meer een Pukkie wat twyfel daaraan dat hierdie agterlyn, van die skrumskakel tot by die heelagter, teen die beste universitêre sy man sal kan staan nie. Die kaptein, **Styger**, is vol vertroue dat sy span die pyp sal rook.

'n Skitterende Intervarsity lê voor die deur!

## SO WOEL HULLE.



Foto: Beyers Claassen.

'n Grepie uit die wedstryd tussen P.U. en Diggers. Op die voorgrond kan woelige kêrels soos Putter, Org, Klasie en Styger gesien word.

# SUID-AFRIKA HULDIG VOLKSPLANTER

## Sewedaagse Feesvierings Groot Sukses

**Die Van Riebeeck-feesvierings wat vanaf 31 Maart tot 6 April in Kaapstad gehou is, was in alle opsigte 'n reuse-sukses en dit is duidelik dat die koste wat daaraan verbonde was, goed belê is.**

Die middelpunt van hierdie grootse feesviering was natuurlik die stadion waar die hoogtepunte van die fees afgespeel het en waar daar selde minder as 40,000 mense teenwoordig was.

Hier is die sewe poskoetse op Maandag 31 Maart verwelkom deur mev. dr. D. F. Malan en ander vooraanstaande dames van die land. Oom Gawie du Toit van Potchefstroom is die eer aangedoen om die sewe koetse (met sy koets, die „Johannesburg," in te lei. Na die verwelkoming het die koetse 'n paar kaapse-draaie (paslik genoeg) gegooi om hulle reise te beëindig.

(Vervolg volgende week).

ED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)

OOGKUNDIGE



BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.

**KERKSTRAAT 129**
**(Nasionale Bank-gebou)**
**Foon 980.**

EIE OPTIESE SLYPERY.
**Depôt: Carlzeiss-Jena.**

**TOETS JOU OË**
by
**M. SINGER**
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)

OOGARTS
by die
MOOIRIVIER APTEEK
**KERKSTRAAT 155,**
**Foon 380 POTCHEFSTROOM.**

PARKER EN KIE
**(EDMS.) BEPERK**
Algemene Handelaars in Ysterware
**Foon 30 Bus 245**
**POTCHEFSTROOM.**
**Besproeiings-masjinerie en Toerusting voorsien en opgerig.**
Werk gewaarborg.
**Plaasimplemente en onderdele.**
**Gereedskap vir vakmanne.**
Wapens en Ammunisie, Visgereedskap, Kombuisgereedskap, ens. ens.

**T. WEVER**
BOEKHANDEL
en
ANTIKWARIAAT
vir al u
Wetenskaplike Boeke
—:o:—
Volkskasgebou
**Telefoon 1164.**
Kerkstraat 62.

Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.

# LEKKER SPEEL, PUKKIES!

Die Pukke raak weer strydlustig want intervarsity teen U.O.V.S. is baie naby. Ons is natuurlik die groep wat vir drie agtereenvolgende jare die louere weggedra en is vasberade om die prestasie te bly handhaaf.

Die verlede het bewys dat Theos 'n faktor is, waarmee deeglik rekening gehou moet word. Daarom is ons nie bang nie want ons weet dat as die intervarsity sy hoogtepunt bereik, is ons staatmakers op die veld. Nie net Theos nie, maar ook al die ander spanne is somar baie wakker en sien angstig daarna uit om deeglik met hulle teenstanders af te reken.

Daar sal vanjaar 'n rekordgetal Pukke op Springbok-Park wees. Laat ons dus op die pawiljoen ons beste lewer en U.O.V.S. dood sing.

Openbaar 'n mooi gees Pukkies. Toon dat u ware P.U.-Kaners is. Hou die naam van ons Alma-Mater hoog.

J. LIGTHELM,
(Voors. S.R.)

## *Van S.R.- Weë*

Die algemene gevoel van die Studenteraad is dat 'n algemene Studentevergadering op hierdie stadium nie nodig is nie. Indien daar dus nie belangrike sake voorval wat so 'n vergadering vereis nie, sal ons volgende massa eers aan die einde van hierdie semester gehou word.

**Graag wens ons ons S.R.-voorsitter, mnr. Johan Ligthelm, van harte geluk met sy verlowing aan mej. Siertsema. Mag die lewe ook vir u beide geluk bring.**

Dit is vir die Studenteraad aangenaam om sy hartlike gelukwensing goor te bring aan **Mnr. P. Louw** met sy verlowing aan **Mej. C. Roos.** Ook wil die Studenteraad **Mnr. Willem de Klerk** hartlik gelukwens met sy verlowing aan **Mej. Elzabé Kruger.**

J. LIGTHELM,
(Voorsitter).

### Nuwe Alma-Mater.

Dit is aangenaam om te kan aankondig dat die komposisie van ons nuwe Alma-Mater nou voltooi is en dus in die finale vorm aangebied kan wword.

Die Studenteraad wil dan ook voorlopig sy hartlike dank oorbring aan **Mnr. S. J. Pretorius** vir die woorde en **Mnr. M. C. Roode** vir die musiek.

Mag die nuwe Alma-Mater dien om die kerngesonde samehorigheidsgevoel wat deur ons ou Alma-Mater bewerk is, nog hegter saam te bind.

**Hiermee wens die Pukkies mnre. Styger, Claassens en Beyers van harte geluk met die verkryging van Wes-Transvaal kleure. Ons hou julle dop en is trots op julle. Alle sukses!**

Die Studenteraad is besig om reëlings te tref, sodat ons eie studentesaal so gou as moontlik gebou kan word. Finaliteit is nog nie bereik nie. Besonderhede sal dus later bekend gemaak word.

# DALU SÊ:

Meer as een persoon (ek sien hom, of sal ek sê haar, in my verbeelding) trek die neus op as hulle hierdie opskrif sien en— dan lees hulle tog maar wat hier staan.

Kyk, Pukke, ek weet dat almal sê ek praat twak maar, soos een tereg opgemerk het, ek het my doel bereik. Dit is ook nie goed dat ons mekaar so toetakel nie. Julle weet ons blad word ook elders gelees en 'n storie is soos 'n sneeubal . . . . . Een van die dae lees ons in ander blaaie van 'n burgeroorlog op Puk!

Hierdie keer bespreek ek graag iets meer aktueels.. Dit is iets wat elke jaar gesê word maar ek het dit lanklaas so nodig gevind om die saak aan te roer as vanjaar. Dit gaan nl. oor die veelbesproke groetery hier, en in die besonder oor die eerstejaars se groetery. Hoe sake onder die dames gesteld is, weet ek nie. Ek verwag dat dit nie te rooskleurig sal wees nie.. Onder die mans is die saak kritiek.

Ek probeer nie baklei of snaaks

(Vervolg in volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom).

wees nie, maar dit is veral onder ou studente bekend dat ons, al is dit tien keer op 'n dag mekaar groet. As ek vandag by 'n eerstejaar verbystap dan voel ek behoorlik 'n gek want 'n mens weet nie of jy hulle moet groet of nie. Indien die seniors eerste groet, oorweeg hulle dit of hulle moet teruggroet, so nie ignoreer hulle jou dat jy regtig sleg voel. (Tussen hakies, hulle weet nie dat ek Dalu is nie). Later sal hulle tog uitvind dat hierdie anti-groet-beweging van hulle gladnie by 'n Pukstudent pas nie.. Daar is gelukkig verblydende uitsonderings maar dan is daar weer sommige van die buitehuis-eerstejaars wat gladnie groet nie en ook geen ouheer ken nie. . Nee, wat, 'n mens word regtig mismoedig as jy dink hoe die dissipline verslap. Ons kan gerus weer 'n slaggie begin wakkerskud aan die jong klompie!

Stem julle saam?

DALU.

*Die Wapad.*

**21 MAART, 1952.**

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. T. Herselman
**Administrasiehoof:** J. J. Bekker.
**Tegniese Adviseur:** Jacs. van Rooy.
**Hulp-Adviseur:** R. van der Walt.
**Sport (Mans):** D. van der Supy.
**(Dames):** Mej. T. Struwig.
**Sosiale Aangeleenthede:** Mej. E. Breed.
**Varia:** D. F. Erasmus.
**Kuns en Wetenskap:** G. van den Berg.
**Fotografie:** L. J. Potgieter.
**Nuus:** F. R. P. de Bruyn.

# OPRUK, PUKKE!

Teen die tyd dat julle hierdie geriggie, of sal ons dit noem boodskappie, lees, sal jul bloed al so aan die kook wees deur die ander aanvurings, dat hierdie pogingkie miskien maar koel sal lyk. Maar as ons elkeen 'n stuiwer in die armebeurs gooi . . .

Ons verneem van die Vrystaters dat hulle tot die tande gewapen is vir die Vaalpense. Dit is inderdaad ook nodig. Ons gaan nie sommer vir spek en boontjies 225 myl aflê om daar in Bloemfontein te gaan kuier nie. Ons gaan die Outjies beslis iets gee om te onthou.. Oor 'n klompie jare sal daar ook in die annale van die U.O.V.S. 'n groot slag opgeteken staan, onderteken deur die bloed van hul gevalle helde!

Kortom, Pukkies, ons gaan korte wette maak met die Blikore. Moet nou nie geniepsig word nie, hulle het ons niks gemaak nie! Laat ons almal opruk met dieselfde doel voor oë (jy vra nog wat), maar laat ons almal gaan as 'n groep studente wat in 'n goeie gees gaan kompeteer met 'n groep medestudente en ons gaan dit geniet.

Aan al die spanne wat gaan deelneem, vanaf die tennisspanne tot by die eerste voetbalspan, die debatspan ingesluit, kan ons net ons beste wensse oordra. Hulle weet wat hulle verder te doen staan. Laat ons almal, op die veld sowel as op die pawiljoen, ons kragte inspan en die Outjies opdreun.

Lekker intervarsitie!

## Laat berig:

Verneem word dat die Kovsies so minderwaardig voel oor die afgelope paar jaar se vooroordery dat hulle maar teen Gimmies wil intervarsitie hou. Hulle het glo een van hul onderwysers ontvoer. 'n Mens vra jou af of dit nie interessanter sou wees as hulle liewer die hoof ontvoer het nie!

Sal lesers alle klagtes i.v.m. aflewering e.d.m. asseblief onmiddellik by my perrsoonlik of by die voorsitter van die Administrasie rapporteer, en nie 'n maand later nie..—(Hoofred.)

**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS
**Altyd eerste met die Jongste.**
Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

**KOM SIEN ONS—**
vir u
Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede
GEEN & VELLEMAN,
**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL
VIR BESTE DIENSTE.
**Von Wiellighstraat 7,**
**POTCHEFSTROOM.**

W. J. GROBBELAAR,
Mans- en Dames-Haarkapper
**Kerkstraat 97. Foon 330.**
Probeer ons beroemde
**JAMAL MASJIJENLOOS PERM**
Bekwame Mans-afdeling.
**Sigarette en Fantasie Goedere.**

*PLAZA*
TEEKAMER
**Foon 249 Kerkstraat 105**
**POTCHEFSTROOM.**
Studente !
U word beskou as eregaste in die
• PLAZA •
en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.

# Hades Reviuus

## *Ante Rem Aliquid Dico*

Deeglik onderlê en tog nie ondergrawe nie bring ek die volvolgende uit die Annales van Hades. Weer kan die kreet uit my harige, verweerde binneste nie onderdruk word nie: „Viva la Gaipianisimus!" Met 'n kuif wat lyk soos 'n dwarrelwind op 'n huiswerf teken ek my skryfvoorwerp met 'n smorend-inpalmende wurggreep in my vyfpuntige uitsteeksel om kosbare tyd te vermors op die niksbetekenende melkbaarde wat hier rondloop om die vaders en moeders te vertoorn met vermetele en stinkende vindingrykheid.

**Wet No. 2(b) spruit** uit 'n veelbewoë daad van die Keurvors Palmolievie hom op sy landgoed teruggetrek het met die oog op meer en diepsinniger spekulasies oor die invloed van Confucianisme op tweejaaroud hanslammers. Sy bevindinge met genoemde voorwerpe wat sprekende ooreenkoms vertoon met wat ons hier onder bespreking het nl. suigelinge, vir die eerste keer, van die akademie, word in die wet en bypassende orasies gegee. Einabaptiese stoutighede, soos ons vaders dit noem, het hulle hier gebring, Ogpoëtiese, popketeliese, piep-ênevinktiese stoutighede is die end van hulle bestaan.

### Aanklag volgens wet no. 2(b).

Hierdie sieklike misgewas wat soos 'n parasiet uit die Gahenna opgeduik het, is nie tevrede om in sy vieslike eensaamheid te verkeer nie en het pogings aangewend om 'n aantal ongewenste ondergrawende elemente om sy stinkende corpus te versamel.

### Wet no. 2(b).

Genoemde drake, dore of draakdore sal te genertyd, hetsy vroeg in die môre, hetsy laat in die nag, hetsy in die badkamer of bypassende lokale, hetsy in die slaapkamer of privatis habitus, in groepe van meer as ses, d.w.s. drie pare oftewel drie maaltwee . . . aangetref sal word nie, sonder dat so 'n verskyning, assimilasie, kongregasie, mop, kliek, bende, onmiddellik, onverhoord, sonder navraag as die toppunt van sedisie geïnterpreteer sal word, wat inhou dat genoemde kongregasie, mop, kliek, bende hulle verhef het om as bokslagters, guy-fawkese en waarheidsridders, die ouhere en oudames deur geweldpleging en onderkruipery die see in te jaag!

### Verdediging.

My kliënt is ongebalanseerd, geestelik versteurd. Kan 'n betterie help om te sjok as hy opgetjaarts is? Kan 'n trein help om te loop as sy stoom op is?

### Conclutie.

"Ik heb gezegt, zooals ik gezegt hebt, toen ik gezegen haben gehêttet konte. Ziekelijke aangezicht zooals een dagou pupje met skeeloogen, uwen lot zijn met de wormen. Jou vieslike eensaamheid sal jy saam met jou brood eet." So klink dit in die dolleë van hoek tot kant besetene hofsaal van Hades. Met vieslike-bymekaar-ogies, soos 'n waansinnige aapwyfie gaap Judex Judicorum Spotskatius die voorwerpe nog vir die laaste keer aan. Die klokke lui ook vir die laaste maal terwyl Aartskelm, Hertob die Grote, genoemde Judex Judicorum na 'n verskriklike traanrede passe en kontrapasse uitvoer, terwyl terselfdertyd sy stem dubbeld slaan en ineen plof soos 'n geprikte ballon.

## ALMAL SE GUNSTELINGE

**Paul Snyman:** „Guitar Boogie."
**Leona Fourie:** „Baby darling".
**Frans de Bruyn:** „Sweetheart of yesterday".
**Welma Lessinng:** „O man van my hart, O man van baard, O Flip"! (O maggies).
**Wilma de Lange:** „Wie ein Hauch".
**Ben Schutte:** „I've found my thrill".

* * *

**Dit is met vreugde en verligting dat huidige en moontoekomstige buitehuis-residente opmerk dat die fondament vir die nuwe manskoshuis reeds gelê is!**

## VAN ORAL EN NOG WAT.

Een van die dae:

Sal melk in bevrore blokkies afgelewer word. So 'n blokkie beslaan net 'n derde van die spasie wat 'n gewone bottel melk in die yskas opneem.

Sal wetenskaplikes die weer in 'n mate onder bedwang hou. Hiervoor sal atoomenergie gebruik word. Maar sal die gewenste weer op die gewenste tye nie 'n oorvloed teweegbring in oeste nie?

Sal wintersportliefhebbers op hul neuse kyk. Die afgelope 50 jaar word winters al warmer.

Sal 'n mens van New York na die Weskus van die V.S.A. kan afreis tydens jou etensuur. Dit word glo beweer deur dr. Irving Langmuir dat 'n lugdigte lugskip, magneties gesuspendeer en elektronies gekontroleer 'n spoed van 5,000 m.p.u. kan bereik. Dan kan 'n mens ook nie eens landskap bewonder nie!

Sal die baba-sitters-klub ook tot niet wees. Babas sal glo deur televisie-toestelle opgepas word.

## KORRESPONDENSIE

Navy Relief,
New York City.

Gentlemen,

I got your letter asking is my baby a boy or a girl.

Of course, what else could it be?

Mrs. Ephedrine S——.
"DEAR SIR".

* * *

Bureau of Vital Statistics,
Los Angeles,
California.

Gentlemen,

In reply to your question—our death rate is the same here as elsewhere—one death for every inhabitant.

Department of Health,
City of ———.
"DEAR SIR".

Standard Parachute Co.,
371—8th Ave.,
San Diego.

There's a good deal of fuss, and rightly so, about attractive young women coming to work in slacks and sweaters, because this detracts the men's attention from their work. But now I think some of you officials are going too far when you say you want the girls to come to work without sweaters and slacks. This will not only be much worse on the men, but most of the girls will probably catch pneumonia.

Matilda G——.
"DEAR SIR".

KLERASIE
vir die huisgesin
Alles wat u nodig het teen die Laagste Pryse.
GROOT WAARDE!
KLEIN PRYSE!
Spesiale Behandeling vir Skoliere en Studente.
BLACK EN KIE, BPK.

ELKE DAG VARS!
TURKSTRA SE BAKKERY
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

CLASSIQUE MODES
Steeds die
DEFTIGSTE MODESALON
van Potchefstroom.


AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL
Kerkstraat, Potchefstroom
vir
STUDIEBOEKE EN SKRYFBENODIGDHEDE
Direkte verbinding met Oorsese Uitgewers.
"Steeds tot U Diens."
Foon 363. Bus 149.

INGRAM SE BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

Studente!!!
Vir al u
HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.
besoek ons en wees verseker van goeie diens.
UNIE-BOEKHANDEL
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 90.
Foon 497.

GILFILLAN EN STROH
POTCHEFSTROOM.
FIETSE EN FIETSREPARASIES

Beter Tabak *
maak Beter Sigarette



Kommando
Suid-Afrika se
gewildste
sigaret




* Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.

G1-3

# DIT WOEL OP DIE SPORTVELD

## NORMAAL UITGESKAKEL IN BLAINE-KOMPETISIE

**Na hulle onlangse toer het die Theos hulle eerste bekerwedstryd van die seisoen teen Normaal op 'n baie besliste wyse met ses punte teen vyf gewen en sodoende die eerste rondte vir die Blaine-uitklopbeker gewen.**

**Ook in die Neser-kompetisie het die Universiteit twee punte ingeoes deur Dorp 'n oortuigende neerlaag van 9—6 toe te dien.**

In die wedstryd teen Normaal moes die Pukke in die begin net lelik bontstaan om te verhoed dat hulle opponente punte aanteken. Sommer in die eerste paar minute het **Van Aardt** gevaarlik genael en 'n goedgemikte dwarsskop gelos op die Normaliete sterk op die aanval te stel. Nadat hulle vir 'n ruk lank in die Puk-kwartgebied geboer het, het **Ockert Goossen** gelukkig verligting gebring met 'n mooi buiteskop.

### Strafskop.

**Tribbelhorn** stel die Pukke nou op die aanval met 'n lang skop. Van die lynstaan beweeg die Pukagterlyn vinnig; **Goossen** gee 'n hoë skop pale toe, maar weens 'n „late tackle" kan hy nie opvolg nie. Normaal word egter daarvoor gestraf en **Putter** maak geen fout met die skop nie (3—0).

Dit is nou weer Normaal se beurt om die Puk-vesting te probeer binnedring, maar skitterende verdediging van die Pukke laat hulle pogings misluk. Veral die drie losvoorspelers **Prinsloo, Zoeloe** en **Dreyer** was altyd by om 'n gat toe te stop.

Net na rustyd kry Normaal 'n kans om punte met 'n maklike strafskop aan te teken, maar die skop misluk. Die groter gewig van die Pukke se agttal begin nou tel, en hulle baasskap oor die Normaliete word al hoe duideliker. Die twee voorrymanne, **Org Rautenbach** en **Putter** se opponente sê les op; **Styger** raap keer op keer die bal voor die Normaal-hakker se voete weg en daar is geen keer aan **Claassen** en **Beyers** in die lynstane nie.

### Pragdrie

Vanaf 'n skrum hak **Styger** die bal blitsvinnig. Die agterlyn vorder mooi en met 'n man-oor ontvang **Steyn** die bal en lê rieme neer hoekvlag toe. Toe hy voorgekeer word, gee hy terug na **Ockert Goossen** wat oorduik vir 'n briljante drie. Die vervyfskop is mis en die Universiteit loop 6—0 voor.

Normaal slaag kort hierna ook daarin om 'n drie naby die pale aan te teken, nadat die Theos-agterlyn swak hanteer het. Hulle vervyf en die Pukke loop slegs met een punt voor.. Die geringe voorsprong spoor hulle egter tot groter dinge aan en die agterlyn verbaas almal met die goeie spel wat hulle lewer.

### Drie gaan verlore.

'n Drie gaan verlore toe die voorspelers van die Universiteit 'n gevaarlike hand-tot-hand beweging op tou sit maar kort voor die doellyn aanslaan.

Kort voor die einde bars **Piet Pelser**, wat tussen **Tribbelhorn** horn en die skrum ingespring het, dwarsdeur, maar die aangee was vorentoe. Hierop blaas die eindfluitjie en Puk stap van die veld met 'n oorwinning van 6—5.

| U.O.V.S. | THEOS. |
|---|---|
| Cilliers, | Muller, |
| Van Rensburg, (of Roux), | Steyn, |
| Pienaar, | Pelser, |
| Nel, | Goossen, |
| v. Huyssteen, | Vellema, |
| Basson, | Tribbelhorn, |
| Hauptfleisch, | Grobler. |
| Hanson, | Rautenbach, |
| Wessels, | Styger, |
| Kruger, | Putter, |
| Van Zyl, | Hurter, |
| Keyser, (of Roussouw), | Snyman, |
| v.d. Wall, | Claassen, |
| v. Biljon, | Prinsloo, |
| v. Wyk. | Dreyer. |

## AANSKOULIKE WEDSTRYD TEEN DORP.

In die wedstryd teen Dorp het die spelers gesorg vir 'n baie interessante wedstryd. Van die begin af was dit 'n lus om te sien hoe die agterlyne die bal rondgooi en hoe die voorspelers met kort aangeebewegings stukke veld wen.

Theos is sommer vanuit die staanspoor op die aanval en van 'n skrum af têken **Koos Dreyer** 'n drie aan wat om die een of ander onverklaarbare (?) rede nie toegeken word nie. **Putter** slaag egter kort hierna met 'n strafskop om Puk 3—0 te laat voorloop.

### Goossen breek skitterend

Die Pukke se voorsprong word vergroot toe **Ockert Goossen** sy lyf pragtig deur 'n gaping ruk om dadelik uit te gee na **S. P.** wat op sy beurt weer vir **Steyn** in besit stel toe die heelagter hom voorkeer. Met die vervyfskop van **Steyn** se drie wat hy ná hierdie breekslag druk, word **Putter** nie eers 'n halfminuut gegun om sy skoen vas te maak voordat hy die skop waarneem nie. Met rustyd is die telling 6—0 in die Universiteit se guns.

Kort na die aanvang van die tweede helfte is Dorp op die aanval en 'n baie twyfelagtige drie word aan hulle toegeken, nadat hulle vleuel en drie Pukke gelyk op die bal geval het. **Hallatt,** Dorp se heelagter, voeg 'n verdere drie punte met 'n skepdoel by hulle telling om hulle tot 10 minute vóor die einde gelyk te laat loop met die Universiteit met ses punte elk, toe **Putter** weer met 'n strafskop slaag om die eindtelling op 9—6 in Puk se guns te staan te bring.

## DIE VOETBAL-UITSLAE VAN TOER

| | | |
|---|---|---|
| **Viljoenskroon: Verloor** | | **5—11** |
| **Wanderers (Kroonstad): Gelykop** | | **3—3** |
| **Koppies: Wen** | | **14—3** |
| **Vanderbylpark en Yskor gekombineerd: Wen** | | **8—6** |

## P.U. VS. DIGGERS.

Om die 6 spanne van die Universiteit 'n goeie wedstryd-oefening te gee aan die begin van die seisoen, het 6 spanne van Diggers hier kom speel. In die O/19-afdeling het die Pukke met al drie hulle spanne die pyp gerook, maar die drie Bo-19 spanne van die P.U. moes die onderspit delf. Die Theos het met 15 punte (vyf dries) teen 3 ('n drie) verloor. Ná die wedstryd is die Diggers-manne met regte Pukgasvryheid onthaal en op braaivleis, brood, koffie en musiek (verskaf deur die Alabama) getrakteer op die gras voor die studentesaal.

**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**

**J. P. V.D. WALT,**

**L.F.V.**

**KERKSTRAAT 111**

**(Langs Ackermans)**

Foon 929,

**POTCHEFSTROOM.**

**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

## DEBATSPAN

P. G. Snyman.
A. S. L. Minnaar.
J. Visser.

## VASVRASPAN

L. Marassas.
Jakkals du Plessis.
Leonora Thiel.

## ANDER EERSTE SPANNE TEEN U.O.V.S.

### MANSHOKKIE.

Piet de Wet (Kapt.)
Johan Ligthelm (onder-kapt.)
Jan Coetzee.
Charles Schlesinger.
Jackie Strydom.
Sas Erasmus.
Blackie Kruger.
Oeloff Joubert.
Piet van Wyk.
Chris. Malan.
Frans Buys.

### DAMES-HOKKIE.

J. du Plessis (kapte.)
K. Venter.
C. du Toit.
R. Loedolf.
F. Lessing.
T. Strüwig.
C. Meyer.
T. van der Merwe.
R. du Plessis.
S. v. Schouwenburg.
A. du Rand.

### TENNIS.

H. Coetzee (Kapt.)
L. Marassas.
S. de Jager.
D. Haupteisch.
B. Schutte.
D. du Plessis.

### NETBAL.

I. du Plessis (kapte.)
A. Olivier.
C. Jordaan.
A. Venter.
H. v.d. Walt.
S. v.d. Schyff.
M. Visser.

### JUKSKEI.

L. J. Potgieter (Kapt.)
J. Jooste.
B. Olivier.
F. de Bruyn.

### O/19 SPAN.

Hauptfleisch (of v.d. Ahee).
Steenkamp,
Blom,
Coetzee,
Pelser,
Putter,
Brink,
v.d. Walt,
Strydom,
De Wet,
Ranwell,
Malan,
Van Biljon,
De Jager
Steenekamp.

## P.U. MANSHOKKIE LEWER SKITTERENDE SPEL.

**Puk se manshokkiespan het voorverlede Saterdag geskiedenis gemaak toe hulle in hulle eerste ligawedstryd van die seisoen 'n klinkende oorwinning van 2—1 oor Gernisoen behaal het. Dit was lanklaas dat die Pukke kon seëvier oor hierdie uithalerspan wat verlede jaar die liga verower het.**

### Eerste punte.

Garnisoen het deurgaans 'n vallende spel gespeel, maar die Pukke het hard teruggeveg en hulle by tye hoofbrekens besorg met hulle skitterende samespel—veral onder die voorlyn.

Garnisoen het die eerste bloed geproe toe hulle **Frans Buys** op die verkeerde voet vang en die bal het hard teen die plank geklap. Die Pukke het nou egter kwaai aangeval en Jan Coetzee het die telling gelykop gemaak toe hy die bal veilig tussen die doelpale deurskiet.

Na rustyd was Garnisoen by twee geleenthede op 'n nippertjie na deur, dog die Universiteitkêrels het elke slag net betyds gekeer. **Frans Buys** het hier geskitter.

Kort voor die einde het die Pukke kwaai aangeval en pragtige samespel van **Jackie Strydom** en **Charles Schlesinger** was daarvoor verantwoordelik dat die Universiteit nog 'n doel bykry en 2—1 kon wen.

### Western Reefs.

Verlede Saterdag was die Pukke baie ongelukkig en het met 4—2 teen die sterkste span in die liga, Western Reefs, verloor. Puk se doele is deur **Jackie Strydom** en **Charles Schlessenger** aangeteken. Dit was 'n harde wedstryd en die kêrels het goed saamgespeel, dog daar het 'n merkbare verslapping teen die end ingetree.

## O/19 SIT GOED AF.

In een van hulle eerste wedstryde van die seisoen het die O/19 span van die Universiteit met skitterende rugby voor die dag gekom en Normaal se 3B met 25 punte teen 3 verslaan. **Pelser** en **Coetzee,** die twee senters van verlede jaar, speel weer vanjaar saam en hulle is 'n gedugte kombinasie. Verder speel **Brink, De Jager, Van Biljon** en **Alwyn Malan,** 'n paar van verlede jaar se staatmakers weer vanjaar vir die O/19 en dit lyk of hierdie span nog die P.U. se naam baie eer gaan aandoen.